Gereformeerde Kerk Trinitas
Oggenddiens
2018-02-04

Ps. 127:1-5
Ps. 127:2

<u>God bou en bewaar saam met ons omdat Hy ons liefhet – Vertrou in geloof</u>

<u>Inleiding:</u>

- Ons almal het planne.
    - Ons wil ryk word, die hoogste sport in ons beroep bereik of dalk ’n groot, gelukkige gesin hê.
    - Ons beplan vir ons verlof met die oog op die komende vakansie, of ’n reis oorsee of selfs vir die langtermyn vir ons aftrede.
- Al hierdie planne is egter tevergeefs as God nie deel is daarvan nie.
    - In Psalm 127 maak Salomo dit egter aan ons duidelik dat alles tevergeefs is as God nie bou of bewaar nie.
- Daarom hoor ons vanoggend vanuit die Skrif dat God bou en bewaar saam met die mense wat Hy liefhet.
    - Om hierdie rede moet ons in die geloof vertrou.

<u>God bou en bewaar saam met ons</u>

- Psalm 120 tot en met 134 fokus op die pelgrimstog van die volk.
    - Hierdie psalms is gesing wanneer die Israeliete na die tempel toe gaan wat Salomo onder opdrag van die Here gebou het.
    - Al hierdie psalms fokus op God se seën en die wyse wat God die mens versorg.
    - Hierdie versorging sluit in die oorwinning oor vyande, kos en ander aardse behoeftes en selfs die uitbreiding van die nageslag van die mens.
- In Psalm 127 sien ons spesifiek hoe daar op 2 elemente gefokus word.
    - God wat voorsien aan ons aardse behoeftes en hoe Hy ons ook seën met ’n nageslag.
    - Dit alles geskied binne die wil van God.

- Salomo lig dit duidelik vir ons uit hoe alles tevergeefs is as die Here nie deel is daarvan nie.

    - Tevergeefs iemand wat bou, en tevergeefs iemand wat waak.
- Hier sien ons duidelik God se hand in ons dagtake.
    - Ongeag hoe hard ons werk of hoeveel tyd ons aan ons huwelik spandeer, is dit God wat voorspoed daarin bewerk.
        - Daarom bou ons tevergeefs as God nie bou nie.
        - Hierdie bou beteken egter nie net om stene opmekaar te sit nie.
            - As God bou vind daar ook herstel en vernuwing plaas.
            - Nuwe geleenthede of nuwe uitdagings, maar dit alles bly ’n seën uit die hand van ons hemelse Vader.

- Net so as ons bewaar sonder God se seën, is dit alles tevergeefs.
    - Hierdie bewaring is nog een van die beelde wat Salomo in die psalm gebruik.
    - In die tyd waarin hierdie psalm geskryf is het die nagwag op die torings en die mure van die stad wag gehou.
        - Hy moes dan op die uitkyk wees vir vyande of moontlike probleme wat na vore kan kom.
        - Dit beteken nie dat alle probleme weggebly het nie, maar daar kon vooraf voorsiening gemaak word om die probleme op te los.
            - Daarom is dit ook belangrik dat God waak, nie net oor ons huis nie, maar oor ons beroepe en ook ons huwelik.

- Om te waak in hierdie konteks beteken dieselfde as om te bewaar.
    - Eseg. 17:14 gebruik ook hierdie woord om te beskryf hoe God getrou bly aan Sy verbond.
    - So sien ons dus dat dit God is wat primêr bewaar en waak.
        - Om te waak word ook gebruik om te beskryf hoe iemand toesig hou oor ’n feestelikheid.

<u>God bou en bewaar omdat Hy ons liefhet</u>

- Tog stuur ons sondige natuur ons om voort te gaan en te probeer om op ons eie te bou.
    - In vers 2 word ons egter bemoedig met die woord “*gee Hy dit aan sy beminde in die slaap.”*
    - Hierin word dit net weereens bevestig dat ons nie hoef te kommer daaroor wat ons probeer bou of bewaar nie.
        - Dit is God wat bou en bewaar.
        - God bou en bewaar rondom ons omdat Hy ons liefhet.

            - Salomo noem ons bemindes – mense wat deur God bemin word.
- Juis omdat God ons liefhet bou Hy.
    - Hy bou egter nie net aan huwelike, en ons huise en materiële voorspoed nie.
    - Hy bou ook aan die koninkryk van Christus.
        - En hierin word ons Vader se liefde vir ons die duidelikste bekend.
        - Hy het Sy enigste seun prysgegee sodat ons kan bou en bewaar.
            - God bou voort aan Sy kerk waarvan Jesus Christus die hoeksteen is.
            - Christus is die fondament waarop God steeds vandag nog bou.

- Ons word egter nie maar net eenkant toe geskuif nie.
    - Om ’n eenvoudige voorbeeld te gebruik – soos wat ’n seuntjie sy pa sal help om ’n huis te verf.
        - Sy pa laat hom toe om ’n gedeelte te verf en maak later sy brouwerk reg as die seuntjie nie meer kyk nie.
        - God bou en ons is die instrumente.
            - God maak ons deur Sy Heilige Gees bekwaam en bruikbaar sodat ons ook as lewende stene kan bou en gevorm word.

- Die koninkryk word vandag nog gebou omdat Jesus Christus die prys vir ons betaal het aan die kruis.
    - Nie omdat ons enige iets van ons kant af gedoen het om dit te verdien nie, maar omdat God ons liefhet.
    - Ons redding het ons ontvang voor die grondlegging van die aarde.
    - Daarom noem Salomo ook dat God aan ons gee in die slaap.
        - Dit beklemtoon hoe min invloed ons op die saak het.
        - As ons bou sonder God kan dit nie goed gaan nie, maar as God sonder ons bou is daar steeds sukses.

- Dit beteken egter nie ons is passief in hierdie plan van God nie.
    - Ons word opgeroep om in geloof steeds te vertrou.

<u>Vertrou in geloof</u>

- Die opdrag wat ons ontvang is so eenvoudig tog het ons die besonderse talent om dit vir onsself so ingewikkeld en gekompliseerd te maak.

    - Ons lê soveel aande wakker en bekommer ons oor die probleme wat ons in die gesig staar.
    - Gaan my geld hou tot die einde van die maand, gaan ek die verhoging kry by die werk waarvoor ek so hard werk, gaan my troudag so perfek wees soos wat ek gehoop en beplan het?
- Dan word ons weereens gerus stel dat ons in ons slaap die seën van God sal ontvang.
    - Maak jou oë toe en vertrou op God.
    - Hy sal bou en bewaar soos wat Hy goed dink.
        - Daarom kry ons ook die opdrag in Matt. 6:34 "*moet julle dus nie oor more bekommer nie"* en later in Matt.10:32 hoor ons ook dat selfs die hare op ons koppe getel is.

- Wanneer die bouwerk dus nie lyk soos die planne wat ons opgetrek het nie, moenie bang wees nie, want dit is nie buite die plan wat God het nie.
    - Dit stem ooreen met God se raadsplan.
- God weet wat ons nodig het.
    - Paulus herinner ons ook hieraan in Fill. 4:6 "*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."*
- In vertroue bid ons tot God dat Hy sal sorg wat Hy glo goed is.
    - Daarom moet ons vashou aan die geloof wat die Heilige Gees in ons opwek.
        - As die Here dit bestem dat ons geseën sal word met kinders is dit ook ons plig as ouers om hierdie geloof by ons kinders ook te kweek.

<u>Slot</u>

- Ons wil self – Self bou en self bewaar.
    - Sonder God is dit egter nutteloos.
    - Daarom stel ons ons vertroue volkome op die Here om ons te seën op Sy tyd en op die wyse wat Hy wil.